# DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA

# GEMEENTE: AGS LEWENDE WATERS

# BELEID

**(INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 2.4.1 VAN DIE KONSITUSIE VAN DIE KERK)**

**1. NAAM**

Die naam van die gemeente is:

***AGS LEWENDE WATERS***

**Pinkie Pool 43 ( hoekvan Pinkie Pool en Loodvislyn) Meerensee, Richards Baai**

**2. ONTSTAAN**

Die gemeente glo en verklaar nederig dat:

**2.1** dit sy ontstaan, voortbestaan en bestemming van God het;

**2.2** dit 'n openbaring van die Kerk van Jesus Christus is, onder Sy heerskappy as Hoof, ooreenkomstig die uitsprake van die Heilige Skrif, die werking van die Heilige Gees en die bedieninge deur Hom ingestel.

**3. GELOOFSBELYDENIS**

Die gemeente onderskryf die Geloofsbelydenis soos verklaar deur die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika ingevolge afdeling A.3 (Aanhef) tot die konstitusie van die kerk, wat soos volg lees:

**3.1** **ONS GLO** in die ewige, **drie-enige God**, Almagtige Skepper, Onderhouer en Regeerder van die ganse skepping. (**1 Joh 5:7; Matt 28:19**)

**3.2** **ONS GLO** in God die Vader, die Outeur van die skepping en verlossing. (**Gen 1:1; Efes 1 : 3- 6**)

**3.3** **ONS GLO** in Jesus Christus die enigste Seun van God die Vader, ware God wat ter wille van die mensdom en sy verlossing, van die hemel neergedaal en vlees geword het; wat verwek is deur die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria; wat op die aarde geleef het en gekruisig is, gesterwe het en begrawe is, wat uit die dood opgestaan en opgevaar het na die hemel waar Hy aan die regterhand van die Vader sit. ( **Matt 1:21; Joh 3:16; Joh 14:6**)

## BELEID

**(INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 2.4.1 VAN DIE KONSITUSIE VAN DIE KERK)**

**3.4** **ONS GLO** in die Heilige Gees, waarlik God, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel en in die hele waarheid lei. ( **Joh 14:26**; **Joh 16:7 – 8**)

**3.5** **ONS GLO** dat die Bybel die woord van God is, geskryf deur mense onder die inspirasie van die Heilige Gees. Ons glo dat dit gesaghebbend die wil van God verkondig en ons alles leer wat vir saligheid nodig is. (**2 Tim 3:16**)

**3.6** **ONS GLO** dat alle mense na die beeld van God geskape is; as gevolg van hulle sondige opstand is hierdie beeld geskend, dat alle mense voor God gesondig het en dit die wil van God is dat alle mense saligheid sal ontvang deur geloof in Jesus Christus. (**Gen 1:27; Rom 5:12-15**)

**3.7** **ONS GLO** aan die doping in die Heilige Gees, met die aanvanklike teken van spreek in tale soos aan alle gelowiges belowe is. Ons glo in die werking van die gawes en vrug van die Gees in die lewe van 'n Christen. Ons glo dat 'n Christen 'n dissipel van Jesus Christus behoort te wees en wat 'n toegewyde en heilige lewe lei.
**(Hand 2 : 38 -39; 1Kor 12; 13; 14**)

**3.8** **ONS GLO** dat Jesus Christus die Hoof van die Kerk is wat deur die Heilige Gees saamgevoeg is en wat bestaan uit alle wedergebore gelowiges. Die Kerk is verantwoordelik vir die verkondiging en demonstrasie van die evangelie en God se wil vir alle mense. As charismatiese gemeenskap verkeer hulle onderling en stig mekaar. (**Efes 1:22-23; Kol 1:18**)

**3.9** **ONS GLO** dat die doop van die gelowige deur ***onderdompeling*** en die Nagmaal instellings van Jesus Christus is en deur die Kerk onderhou moet word.
(**Matt 28: 18-20; Mark 16 :16; Hand 2:38; 1 Kor 11: 23-26**)

**3.10** **ONS GLO** dat op die God-bestemde tyd Jesus Christus Sy Kerk sal kom wegneem (Wegraping). ( **Matt 24 :40-44; 1 Thess 4:15-17; 1 Kor 15 : 50-54**)

**3.11** **ONS GLO** in die oordeelsdag wanneer Jesus Christus die lewende en die dode sal oordeel. Ons glo in die opstanding van die liggaam en 'n ewige lewe vir die regverdige en ewige straf vir die goddelose. Ons glo in 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar God in heerlikheid sal regeer.
( **Rom 8:34; 2 Thess 1:6-12; Open 21:1- 22:5**)

# DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA

## GEMEENTE: AGS LEWENDE WATERS

## BELEID

**(INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 2.4.1 VAN DIE KONSITUSIE VAN DIE KERK)**

**4. VISIE**

**Wees ‘n gemeente wat Christus uitbeeld aan die gemeenskap**

**MISSIE**

**Deur : meer soos Jesus te word deur alle optredes en dat strome Lewende Water deur ons sal vloei**
**(Joh 3 : 30; Joh 7 :38)**

**5. KERNWAARDES OF BEGINSELS**

**Die gemeente en sy lidmate sal die volgende waardes en beginsels weerspïeel en onderhou.**

i) **Ewigheidsverhoudinge –** jou verhouding met God, jou naaste en jouself (Matt 22: 37-39)

ii) **Rekenskap – Verantwoordelikheid –** ons gaan almal voor God staan en moet rekenskap gee. Neem verantwoordelikheid vir jou besluite (Rom 14:12)

**iii)** **Vergifnis –** vergewe volgens die n opdrag van Jesus Christus (Matt 6:14-15)

**iv)** **Heiligheid –** Ons moet streef na heiligmaking. Ons moet Jesus Christus se voorbeeld nastreef om heilig te wees (1 Pet 1:15-16)

**6. SENDING (Doel)**

**6.1** Die gemeente onderskryf die Sending van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika ingevolge afdeling A.4 (Aanhef) tot die konstitusie van die kerk, wat soos volg lees:

Die Sending van die kerk is:

**6.1.1** om God te verheerlik;

**6.1.2** om die koninkryk van God te verkondig deur die bediening van die evangelie van Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees;

**6.1.3** om die behoeftes van die mens in totaliteit aan te spreek;

**6.1.4** om gelowiges te ontwikkel, toe te rus en geleentheid te gee vir bediening;

**6.1.5** om die invloed van die kerk buite sy grense en die buiteland uit te brei;

**6.1.6** om die gemeenskap van die gelowiges en netwerk van bedieninge te promoveer.

**6.2** Daarom is die sending van die gemeente:

Deur die ontwikkeling en vestiging van geinspireerde leierskap en bestuur binne ‘n dinamiese struktuur en aksies om –

**6.2.1** ‘n Christosentriese evangeliese karakter en rentmeesterskap in die gemeente te ontwikkel en te versterk;

**6.2.2** te sorg vir die geestelike en tydelike behoeftes van die lidmate van die gemeente;

**6.2.3** die lidmate, onafhanklik en kollektief, te bemagtig om hul talente en roeping in diens van die kerk van Jesus Christus en in die gemeenskap te gebruik, sodat mense hul aan Jesus Christus sal verbind en hulle volle lewenspotensiaal bereik.

**7. REGSSTATUS**

**Die gemeente is ‘n regspersoon met ewigdurende regsopvolging, geregistreer as ‘n goedgekeurde plaaslike gemeente van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika deur die Nasionale Leierskapforum ingevolge artikel 2.1 van die konstitusie van die kerk, en die Bestuursraad soos saamgestel in terme van hierdie beleid is sy agent.**

**Die gemeente onderskryf die Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en – Vryhede (soos gewysig 1 Oktober 2009; Afrikaanse vertaling Februarie 2010) –** ***Hierby aangeheg as Adendum A*.**
**Gevolglik –**

# DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA

# GEMEENTE: AGS LEWENDE WATERS

# BELEID

**(INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 2.4.1 VAN DIE KONSITUSIE VAN DIE KERK)**

**7.1** is die gemeente 'n onafhanklike regspersoon onderskei van die kerk en/of sy lidmate, en/of die lidmate van die gemeente en sal, onderhewig aan die regulasies, as onafhanklike regspersoon:

**7.1.1** geregtig wees om vaste eiendom, bates en fondse te besit onderskei van die kerk en sy lidmate of die lidmate van die gemeente;

**7.1.2** geregtig wees om regte, verpligtinge, voorregte, magte en verantwoordelikhede op te neem, onderskei van die kerk en sy lidmate of die lidmate van die gemeente;

**7.1.3** geregtig wees om regsaksies in sy eie naam in te stel en/of te verdedig;

**7.1.4** geregtig wees om regshandelinge van watter aard ookal in sy eie naam te verrig;

**7.1.5** geregtig wees om eiendom te verkry, te vervreem en/of te beswaar en op enige wyse daarmee te handel;

**7.1.6** geregtig wees om persone in diens te neem, welke indiensneming insluit die beroep van 'n pastoor of enige ander bedienaar soos bedoel in die konstitusie van die kerk.

**7.2** Die Bestuursraad het die bevoegdheid om enige regshandeling te verrig wat nodig mag wees om die roeping van die kerk te vervul in besonder, en om die besigheid en sake te bedryf, en om die magte te beoefen, en om die bedrywighede te beheer van die gemeente namens die gemeente.

**7.3** Die Bestuursraad sal inkomstes, uitgawes, bates en laste van die plaaslike gemeente ontvang, administreer en daarvoor rekenskap gee, ingevolge die bepalings van die Nasionale Finansiële Beleid wat deel vorm van die regulasies tot die konstitusie van die kerk.

**7.4** Die konstitusie en regulasies van die AGS van SA sal die konstitusie en regulasies van die gemeente wees.

# DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA

# GEMEENTE: AGS LEWENDE WATERS

# BELEID

**(INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 2.4.1 VAN DIE KONSITUSIE VAN DIE KERK)**

## 8. LIDMAATSKAP

### 8.1 Besoekers

Hierdie gemeente verwelkom alle mense wat soekend is. Die gemeente glo dat die kerk met Christus as hoof die antwoord is vir die wêreld. Daarom is elke persoon welkom om te besoek. As gemeente sal ons elke persoon om arm en aanmoedig om die proses van wedergeboorte deur tegaan, gedoop te word en ’n Christosentriese lewe te lei( as hulle nie reeds het nie).

Sou besoekers belangstel om deel te word van hierdie gemeente sal hulle genooi word na ‘n VIP aand ( nuwe familie is belangrik) en daar sal die visie, missie en waardes van die gemeente verduidelik word.

Nuwe lidmate sal dan die lidmaatskap inligtingsvorm soos per ***bylae B*** voltooi.

### 8.1 Lidmaatskap kenmerke

Die lidmate van die gemeente sal persone wees:

**8.1.1** wat wedergebore is en die doop van die gelowiges ondergaan het;

**8.1.2** wat erken is as lidmate van die gemeente by die inwerktreding van hierdie beleid;

***8.1.3*** *Indien ‘n lidmaat gered, maar ongedoop is, moet hy/sy onderrig in die verband ontvang met die doelstelling om hierdie stap van gehoorsaamheid na te kom. (Mark 16:16)*

**8.1.4** wat die “Geloofsbelydenis” soos hierin vervat, onderskryf en aanvaar;

**8.1.5** wat die uitsprake aanvaar t.o.v. leerstelling, etiek en liturgie soos goedgekeur deur die Nasionale Leierskapforum van die AGS van SA.

**8.1.6** wat aanvaar dat, alhoewel daar ‘n sterk homoseksuele oriëntasie in ons moderne eeu bestaan, dit teenstrydig is met die Skrif. Wat egter ook aanvaar dat ons, naas God, die opdrag het om mense (ons naaste) lief te hê soos onsself.

Dit impliseer dat lidmate met deernis, aanvaarding en begrip, en ook met bediening, mense met hierdie oriëntasie sal omarm en hulle sal aanmoedig tot 'n lewe van heiligmaking - sonder om ontrou te wees aan ons liefde vir God en Bybelse norme.

**8.1.7** Lidmate aanvaar sodoende dat ons pastoraat geen huwelike of burgerlike verbintenisse van ‘n homoseksuele aard kan voltrek nie.

**8.2 Verpligtinge/Pligte**

Daar word van die lidmate van die gemeente verwag om:

**8.2.1** hul te onderwerp aan die leierskap van die Presiderende pastoor en/of Gemeenteleier soos bepaal in artikel 2.4.2 van die konstitusie van die kerk;

**8.2.2** hul te onderwerp aan die bestuursvoorskrifte soos bepaal deur die Bestuursraad van die gemeente ;

**8.2.3** aktief betrokke te wees in die gemeenskaplike aktiwiteite van die gemeente soos bepaal deur die Leierskap en/of Bestuursraad van die gemeente;

**8.2.4** finansieel die werk van die Here in die gemeente te ondersteun, nl. Tiende en offerandes soos deur Skrif geleer word;

**8.2.5** aktief die werk van die Here te ondersteun deur Gebed;

**8.2.6** ‘n persoonlike getuie van die Here Jesus Christus te wees.

**8.3 Dissiplinêre en Griewe prosedures**

Die Dissiplinêre en Griewe prosedures van die gemeente sal ooreenkomstig die bepalings van bylae 11.1 tot die konstitusie van die kerk wees, met spesiale verwysing na klousules 11.29 tot 11.32 (**verwys na bylae C hierby**).

## 9. BEHEERLIGGAAM

**9.1 Agent**

Soos bepaal ingevolge artikel 2.5 van die konstitusie van die kerk sal die Beheerliggaam die agent van die gemeente wees.

**9.2 Naam**

Die Beheerliggaam van die gemeente sal bekendstaan as die ***AGS Lewende Waters BESTUURSRAAD***

**9.3 Kwalifikasies**

Persone aangestel of verkies as lede van die Bestuursraad van die gemeente sal:

**9.3.1** geregistreerde lidmate van die gemeente ingevolge klousule 8 wees;

**9.3.2** gedoop wees met die Heilige Gees en daartoe getuienis lewer;

**9.3.3** kwalifiseer in terme van die basiese skriftuurlike beginsels soos beskryf in **1 Timoteus 3:1-7 en Titus 1:5-9**;

**9.3.4** beskik oor leierskap- en bestuursvaardighede en bereid wees om hul te onderwerp aan voortgesette ontwikkeling van hierdie vaardighede;

**9.3.5** aktief betrokke wees in die aktiwiteite van die gemeente;

**9.3.6** gereeld sy/haar tiendes aan die gemeente betaal;

**9.3.7** nie 'n ongerehabiliteerde insolvent wees nie.

**9.4 Samestelling**

Die Bestuursraad van die gemeente sal soos volg saamgestel wees:

**9.4.1** Die presiderende pastoor of gemeenteleier soos aangestel ingevolge artikel 2.1.2 van die konstitusie van die kerk, en sal die leier en visioendraer van die gemeente wees, en

**9.4.2** 'n totaal van minimum 5 lede (inlsuitend die presiderende Pastoor) wat kwalifiseer in terme van klousule 9.3;

**9.4.3** die Bestuursraad soos saamgestel in terme van klousules 9.4.1 en 9.4.2 sal uit eie geledere persone aanstel/verkies tot administratiewe funksies of ander persone ko-opteer vir hierdie doel vanuit die lidmaatskapgeledere van die gemeente.

**9.5 Aanstellings prosedures**

Die Bestuursraad sal soos volg aangestel word:

**9.5.1** die Presiderende pastoor sal die name van die bestaande Bestuursraad (onderworpe aan klousule 9.4.2), soos by datum van die aanvaarding van hierdie beleid, aan die gemeentevergadering soos gereël voorlê vir bekragtiging as agent van die gemeente;

**9.5.2** 'n twee-derde meerderheidstem van die lidmate teenwoordig by die gemeentevergadering sal die aanstelling van die Bestuursraad soos voorgelê in terme van klousule 9.5.1 bekragtig.

**9.6 Dienstermyn**

**9.6.1** Die lede van die Bestuursraad sal, tensy elders voorsien, amp behou solank hy/sy hul persoonlike getuienis handhaaf en die opgelegde opdragte getrou uitvoer.

**9.6.2** Enige lid van die Bestuursraad wat die aftree ouderdom van 65 jaar bereik behoort afstand te doen van sy pos op die Bestuursraad. Die Bestuursraad mag wel die dienstermyn van die lid op 'n jaar tot jaar basis verleng soos Heilige Gees lei.

### 9.7 Vakatures

Enige vakature wat mag ontstaan in die Bestuursraad soos aangestel/verkies in terme van hierdie beleid sal gevul word deur die oorblywende lede tydens die volgende Bestuursraad vergadering.

### 9.8 Funksies

Die ***Bestuursraad*** sal:

**9.8.1** ingevolge die bepalings van klousule 8 - lidmate opneem, toerus en versorg, dissiplineer of hul lidmaatskap beeindig;

**9.8.2** verantwoordelik wees vir die tydelike en geestelike belange van die gemeente;

**9.8.3** ingevolge die regulasies van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika enige pastoor beroep van die lys van geordende pastore van die kerk;

**9.8.4** verantwoordelik wees vir die bestuur van die sake van die gemeente in terme van klousule 7 en die Nasionale Finansiëlebeleid (Bylae 10 tot die konstitusie van die kerk) van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika;

**9.8.5** die reg voorbehou om enige wettige instansie binne die gemeente op te rig of te vestig, wat geestelik of tydelik in die belang van die gemeente geag mag word, bv. Jeug en kinderbediening, vrouebediening/forum, ouderling/diaken raad, bedieningsraad ens.

**9.8.6** Besluit neem en verantwoordelikheid hê vir die aanstel en aflê van operasionele personeel.

**9.8.7** Verseker dat personeel dienskontrakte in plek is en in lyn met die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997, geskied.

**9.9 Vergaderingsprosedures**

Alle vergaderings van die Bestuursraad sal gehou word in terme van die bepalings van Bylae 1 (Reglement van Orde) tot die konstitusie van die kerk.

**10. ALGEMENE BESIGHEIDSVERGADERING**

**10.1** Elke derde jaar met ingang 1999 sal 'n Algemene Besigheidsvergadering gehou word op 'n plek en tyd soos bepaal deur die Bestuursraad van die gemeente;

**10.2** Die Algemene Besigheidsvergadering sal bestaan uit alle geregistreerde lidmate van die gemeente, wat een en twintig (21) dae vooraf kennis gegee is van die vergadering;

**10.3** '***n Kworum by die Algemene Besigheidsvergadering van die gemeente sal die lede teenwoordig wees by so 'n vergadering;***

**10.4** Die Algemene Besigheidsvergadering van die gemeente sal verslag ontvang van die geestelike en tydelike welstand van die gemeente en besluit neem oor alle wysigings tot die gemeentebeleid.

**11. ALGEMENE BEPALINGS**

**11.1 Beleid**

Om hierdie beleid op enige manier te wysig moet geskrewe kennisgewing voorgelê word aan die Sekretaris van die Bestuursraad ten minste **sestig (60) dae** voor die volgende Algemene Besigheidsvergadering. In sodanige kennisgewing moet volledige besonderhede van die voorgestelde wysiging/s, insluitende 'n motivering daarvoor, verstrek word. Hierna sal kennisgewing ten minste een en twintig (21) dae voor die Algemene Besigheidsvergadering gesirkuleer word en 'n twee derde meerderheid stem van die teenwoordige lede by die Algemene Besigheidsvergadering sal besluit of die beleid so gewysig sal word al dan nie.

### 11.2 Vrywaring teen ongemagtigde optrede

Onder geen omstandighede sal die gemeente of enige ander regspersoon soos bepaal in hierdie beleid verantwoordelikheid aanvaar vir die aankope of enige ander finansiële- of regsaanspreeklikheid deur enige persoon of liggaam aangegaan, wat nie behoorlik daartoe gemagtig is deur die betrokke liggaam of regspersoon ingevolge die bepalings van hierdie beleid nie.

### 11.3 Vrywaring van lede

Elke lid van enige statutêre liggaam of regspersoon, soos beskryf in hierdie beleid, sal deur die gemeente gevrywaar wees van verliese, uitgawes of skulde deur hom/haar aangegaan in die uitvoering van sy/haar pligte, met dien verstande dat sodanige verliese, uitgawes of skulde aangegaan, nie as gevolg van sy/haar eie oneerlikheid, opsetlikheid of versuim veroorsaak is nie.

### 11.4 Vrywaring teen optrede van ander

Geen lid van enige statutêre liggaam of regspersoon, soos beskryf in hierdie beleid, sal aanspreeklik wees vir die optrede, versuim of onbetaalde skulde van enige ander lid van die betrokke statutêre liggaam of regspersoon, of vir enige verlies wat die gemeente op enige wyse mag ly nie, tensy sodanige optrede, versuim, onbetaalde skulde of verlies veroorsaak is as gevolg van sy/haar eie oneerlikheid, opsetlikheid of versuim.

### 11.5 Operasionele personeel

**11.5.1** Aanstelling van personeel sal geskied in gevolge klousule 9.8.6 en 9.8.7 van hierdie beleid

**11.5.2** Kondisies, werkskontrakte en ooreenkomste sal inlyn met die Arbeids wetgewing van SA wees

**11.5.3** Aftree ouderdom van opderasionele personeel sal in lyn wees met Arbeidsreg bepalings. Normale aftree ouderdom is 60 en verpligte aftree ouderdom is 65 jaar (187(1)(f) Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 of 1995).

**DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA**

**GEMEENTE: AGS LEWENDE WATERS**

**BELEID**

**(INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 2.4.1 VAN DIE KONSITUSIE VAN DIE KERK)**

## 12. GOEDKEURING VAN DIE GEMEENTEBELEID

Goedkeuring ingevolge die bepalings van artikel 2.4.1 van die konstitusie van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika:

### 12.1 Gemeente goedkeuring

Hiermee word bevestig dat hierdie beleid goedgekeur is deur 'n twee-derde meerderheid van die lidmate teenwoordig by 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die gemeente gehou

op ……………………. 20....... te ………………………………………………………….

________________ _________________________

**VOORSITTER** **GEMEENTESEKRETARIS**

______________________

**DATUM**

### 12.2 Streek Leierskapforum goedkeuring

Hiermee word bevestig dat hierdie beleid in ooreenstemming is met die bepalings van die konstitusie van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika, en as sulks goedgekeur is deur die ……………………………Streek Leierskapforum tydens 'n vergadering gehou op
……………………….20....... te ………………………………………………………………….

________________ __________________________

**VOORSITTER** **STREEKSEKRETARIS**

___________________

**DATUM**